# Tema 3: Seisoene

## Week 7

Werkboek 1: bl. 66 - 76
Spellingboek: bl. 22 - 24
Skrifboek: bl. 22 - 24

### 1. Luister en praat

3 dae 15 minute

Mondelinge werk aan die begin van die dag (Daagliks)

- Bespreek die weerkaart en pas dit aan.
- Wens leerlinge geluk wat verjaar.
- Bespreek spesiale gebeurtenisse van die dag.
- Voltooi die register.
- ’n Paar leerlinge vertel hulle nuus. Neem beurte, luister sonder onderbreking en toon respek vir spreker.

Gefokusde luister- en praataktiwiteite

Dag 1
- Bespreek die vier seisoene. Beeld die volgorde van die seisoene wat mekaar opvolg met prente uit. Gebruik herfs as aanknopingspunt, byvoorbeeld tekens van herfs – koeler weer, begin warmer aantrek, blare verkleur en val af.

Dag 2
- Leerlinge vergelyk die huidige seisoen (herfs) met die vorige seisoen (somer). Leerlinge bespreek verskille tussen die twee seisoene. Voorbeeld: somer – warm, swem, koel klere, koelte. Herfs – wind waai, blare val af, koeler, dra warmer klere, gras word geel.

Dag 3
- Leerlinge kies die seisoen waarvan hulle die meeste hou en vertel hoekom hulle van die seisoen hou. Integreer met lewensvaardigheid.

## 2. Lees en klanke

### Gedeelde lees

3 dae 15 minute

- Leerlinge lees en werk klassikaal saam.
- Lees uit ’n grootboek, byvoorbeeld Die seisoene.
- Leerfokus: Leestekens en lees en verstaan.

Dag 1

- Fokus op genot. Leerlinge toon persoonlike reaksie op die teks.

Dag 2

- Leerlinge is meer betrokke by die lees van die teks. Rig bespreking om taalbegrip en groter woordeskat bevorder.

Dag 3

- Leerlinge lees selfstandig en neem deel aan mondelinge aktiwiteite na aanleiding van die teks. Voorbeeld: leerlinge soek woorde waarin die u klank voorkom – huise, truie. Doen woordherkenning.

### Groepbegeleide lees

5 dae 30 minute

- Werk met twee groepe leerlinge per dag wat dieselfde teks onder leiding lees.
- Gebruik ’n gegradeerde leesboek.

1. Inleiding:
    - Stel die onderwerp bekend.
    - Help die leerlinge om die onderwerp aan hul eie lewenservaring te koppel.
2. Bespreek illustrasies en wys die belangrike inligting uit:
    - Stel vrae oor die moontlike verloop en begrip.
    - Bespreek moeilike of nuwe woorde voordat die leerlinge die teks self lees (2 – 3 minute).
3. Eerste lees:

- Leerlinge lees die teks – hardop, fluisterlees of stillees.
- Beweeg van die een leerling na die volgende leerling en luister na ’n kort gedeelte van die teks wat hardop gelees word.
- Moedig leerlinge aan om korrek te lees en die leerlinge wat korrek lees, kan geprys word.

4. Bespreking:

- Bespreek die antwoorde op vrae.
- Sluit klankfokus, byvoorbeeld ui woorde se betekenis, begrip of ’n taalaspek in by die bespreking.

## Lees in pare en selfstandig lees (ekstra leesoefening)

- Leerlinge kry geleentheid om leesvaardigheid te oefen en verbeter. Leerlinge word aangemoedig om vir genot te lees.
- Inoefening moet plaasvind op 'n gereëlde daaglikse grondslag.
- Leerlinge lees boeke op hul eie of in pare. Klas- of groepleesboeke kan herlees word. Aanvullende boeke en 'pretboeke' kan ook gebruik word. Leerlinge wie se werk klaar is, mag gaan lees.

- Individuele aktiwiteite vir leerlinge wat nie deelneem aan die groeplees nie:

Maandag

- Leerlinge lees die gedig "**Muis**" en beantwoord die vrae in die werkboek op bl. 66 en 67.

Dinsdag

- Leerlinge lees die leesstuk "**Lien se huis**" op bl. 69 in die werkboek. Leerlinge soek y, ui en ei woorde uit die leesstuk en skryf dié woorde in kolomme op die witborde byvoorbeeld:

| y | ui | ei |
|---|---|---|
| grys | huis | vlei |

- Leerlinge werk in groepe van twee en vergelyk die woorde wat hulle gekry het. Tel die woorde in elke kolom en skryf die getalle onderaan.

Woensdag

- Leerlinge lees die leesstuk "**Die vier seisoene**" op bl. 71 in die werkboek. Leerlinge kyk na die vetgedrukte woorde by elke seisoen en maak mondeling sinne met dié woorde.

Donderdag

- Leerlinge lees die gedig "**Wippie en Snippie**" op bl. 73 in die werkboek 'n paar keer. Twee leerlinge lees elkeen 'n deel van die gedig en ruil dan om. Leerlinge probeer om die gedig te memoriseer en vir mekaar op te sê.
- Leerlinge teken 'n prentjie van die twee muisies onder die gedig en skryf elke muis se naam.

Vrydag

- Leerlinge lees 'n rympie "**Luister, luister, wie daar fluister**" op bl. 75 in die werkboek. Leerlinge kleur die ui woorde in.

## Klanke

5 dae 15 minute

Dag 1

- Leerlinge klank die ui woord en lees die woorde in die spellingboek op bl. 22. Verduidelik die onbekende woorde vir die leerlinge.

Dag 2

- Leerlinge soek rymwoorde uit die ui woorde en skryf die rymwoorde op bl. 22 in die spellingboek. Lees die rymwoorde vir ’n maat.

Dag 3

- Leerlinge lees die sinne waarin ui woorde voorkom op bl. 22 in die spellingboek en omkring elke ui woord. Onbekende woorde kan in die woordeboekies geskryf word, byvoorbeeld juig, ruig, kuif, kuil en kuit.

Dag 4

- Leerlinge voltooi die blokkiesraaisel op bl. 23 in die spellingboek en vul die y en ui woorde in. Leerlinge kies ses woorde en bou sinne met die woorde. Skryf sinne op bl. 24 in die spellingboek.

Dag 5

- Leerlinge skryf die ui woorde en diktee op bl. 76 in die werkboek.
- Diktee:
  1. Ons huis het ’n mooi tuin.
  2. Die baba suig sy duim.
  3. Die ketel het ’n tuit.
  4. Ek trek my trui aan.
  5. Die seun fluit hard.

## 3. Skryf

### Handskrif

3 dae 15 minute

Dag 1

- Leerlinge hersien h en H en skryf ’n vraagsin: Henk se hond blaf hard.

Dag 2

- Leerlinge hersien t en T skrifstrokie 20 en skryf: Tarien tel tot twintig.

Dag 3

- Leerlinge hersien g en G skrifstrokie 21 en skryf: Gawie grawe graag gate.
- Gee aandag aan beginpunte en lettervorming.

### Selfstandig skryf

4 dae 15 minute

Dag 1

- Leerlinge lees sinne op bl. 68 in die werkboek hardop en voltooi dan die sin met die klanke wat pas. Leerlinge skryf dan hulle eie sinne oor “Die treinrit”.

- Leer leerlinge om ’n punt aan die einde van elke sin te sit en om dan met die volgende sin langs die punt te begin.  Paadjies of straatjies word volgemaak sodat die sinne ’n kort storie of paragraaf vorm.

Dag 2

- Leerlinge vul die regte klanke y of ei in en skommel die woorde in die sinne reg en skryf dan die sin op bl. 70 in die werkboek.
  Voorbeeld: yster Die met meisie ’n stryk.
- Vestig leerlinge se aandag om te onthou ’n sin begin met ’n hoofletter en eindig met ’n punt.

Dag 3

- Leerlinge vul die regte klanke in op bl. 72 van die werkboek en gebruik dan twee of meer van die woorde om sinne eers mondeling en dan skriftelik te doen. Voorbeeld: Ons eet rys en lekker vleis.  Mamma gee vir ons aarbeie en roomys.

Dag 4

- Leerlinge skryf hulle eie sinne oor een van die seisoene.  Plaas ’n paar woorde by elke seisoen se prent.
  Voorbeeld:

| **Lente** | **Somer** | **Herfs** | **Winter** |
|---|---|---|---|
| sonskyn | son | koel | koud |
| groei | warm | wind | ryp |
| blomme | swem | waai | dik klere |
| mooi | koelte | blare | sneeu |
| diere | piekniek | trui | kaggel |
| baba’s | pret | | sop |

- Leerlinge kan die woorde gebruik om sinne te maak oor die seisoen wat hulle gekies het.  Leerlinge skryf die sinne in die werkboek op bl. 74.